higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DATABESTUUR: BOERDERY N5

(4090465)

25 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate kry 25 minute om die instruksies te lees voordat die eksamen begin.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

043Q1J2125

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DATABESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

JY HET 25 MINUTE OM DIE VOLGENDE INSTRUKSIES TE LEES VOORDAT JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

1. Die toegelate tyd vir die vraestel is 3 uur. Bykomende tyd vir drukwerk word nie toegelaat nie.

2. Die vraestel bestaan uit twee afdelings.
   AFDELING A: Teorie (100 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking/Teksmanipulasie, sigblad en databasis (100 punte)

   AFDELING A moet beantwoord word in die ANTWOORDBOEK wat in die geel omslag bo-op die DRUKSTUKKE geplaas moet word.

   AFDELING B moet op die rekenaar gedoen word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram, sigblad en databasisprogram. Elke DRUKSTUK moet die EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER as kopskrif of voetskrif volgens instruksies vertoon. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS en VRAAGNOMMERS sal nie aanvaar word nie.

3. Alle werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk te voorkom. Geen ekstra tyd sal toegelaat word vir verlore werk nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om te voorkom dat antwoorde uitgewis word. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref sodat kandidate kan voortgaan en die werklike verlore tyd moet ekstra toegelaat word.

4. In geval van 'n probleem met sekere drukkers, soos dat dit byvoorbeeld nie die ë druk nie, moet 'n verslag hieroor saam met die antwoordblaaie van daardie sentrum gestuur word.

5. 'n Kandidaat mag in haar/sy besit 'n tikliniaal, 'n woordeboek en 'n lys ASCII-kodes hê. 'n Speltoetser mag gebruik word.

Kopiereg voorbehou

6. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-papier of op aaneenlopende rekenaarpapier gedruk word, behalwe indien anders aangedui. As aaneenlopende papier gebruik word, moet die bladsye van mekaar losgemaak word. DRUKSTUKKE moet op EEN kant van die papier gemaak word en in die EKSAMENOMSLAG geplaas word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel. Punte sal afgetrek word vir antwoordblaaie wat nie in die regte volgorde is nie, vir drukwerk op albei kante van die papier of vir ANTWOORDBLAAIE wat aan mekaar vasgekram is.

7. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE wat gemerk moet word, in die EKSAMENOMSLAG geplaas word en alle ander DRUKSTUKKE moet saam met die EKSAMENOMSLAG aan die toesighouer oorhandig word. Geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder word of in vullisdromme geplaas word nie. DRUKSTUKKE wat nie gemerk moet word nie, moet ná elke sessie ingeneem en aan die einde van die dag vernietig word. Sleg EEN DRUKSTUK per vraag of subvraag mag ingegee word.

8. Om die oorspronklike antwoord sowel as die geredigeerde weergawes te druk moet kandidate hulle werk na elke afsonderlike afdeling stoor voordat dit gedruk word.

9. Aan die einde van die eksamen moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde ingee asook 'n disket met die gestoorde antwoorde behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die OMSLAG. Hierdie diskette moet aan die eksamenafdeling gegee word vir veilige bewaring vir een jaar in geval van navrae deur die eksaminator/moderator of eksamensuperintendente. As die antwoorde nie op diskette getoor kan word nie, moet kandidate lêerhouers met hul EKSAMENNOMMER op hulle rekenaars skep en die werk daarin stoor. Die toesighouer sal die lêerhouers op 'n USB stoor en dit vir veilige bewaring aan die eksamenkantoor gee.

10. Geen vraestelle mag uit die eksamenlokaal geneem word nie, maar moet vir bewaring ingegee word totdat die eksamensessies verby is. Dit mag aan die einde van die laaste sessie aan kandidate gegee word.

11. Sou 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van harde skywe of netwerke verwyder word voordat kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

12. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat uitdruk, sy/haar disket/stoortoestel aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel of ander kandidate se werk op die netweerk bekom nie. Enige poging om inligting van 'n ander kandidaat te bekom of inligting aan iemand anders oor te dra, op watter manier ook al, is 'n oortreding van die eksamenregulasies en sal as onreëlmatig beskou word.

WAG OP DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die opsie … wat in die beheerpaneel ingesluit is, laat die gebruiker toe om programme te installeer en te deïnstalleer.

A *Add/Remove programs*
B *Add Hardware*
C *Sounds and Audio Devices*
D *Display*

1.2 Die … is 'n handwyser wat die posisie van die wyser op die skerm beheer.

A sleutelbord
B USB-poort
C muis
D ligpen

1.3 Watter kieslysopdrag (*menu command*) op die *File tab* bevat die *menu properties*-opdrag?

A *Options*
B *General*
C *Proofing*
D *Info*

1.4 Om 'n groep nie-opeenvolgende lêers (*nonconsecutive files*) te kopieer moet die …-sleutel ingehou word terwyl geklik word op elke lêernaam wat gekopieer moet word.

A *Shift*
B *Alt*
C *Ctrl*
D Al die bogenoemde

1.5 Wanneer 'n kolom of sel te smal is om 'n waarde te vertoon ...

A verskyn 'n waarskuwingsdialoogkassie.
B word dit uitgewis
C vertoon die sel #### of 'n wetenskaplike notasie.
D vertoon die sel 'n foutboodksap.

Kopiereg voorbehou

1.6 Watter EEN van die volgende is 'n lêerekstensie wat met 'n gekompakteerde lêer (*compressed file*) geassosieer word?

A .COM
B .ZIP
C .EXE
D .TMP

1.7 Formules en funksie begin altyd met 'n ...

A * (asterisk).
B & (ampersand).
C $ (dollarteken).
D = (gelykheidsteken).

1.8 Watter EEN van die volgende deselekteer 'n geselekteerde teksblok?

A Klik enige plek buite die geselekteerde teks.
B Klik enige inlynstellingsknoppie (*alignment button*) op die nutsbalk.
C Klik die knoppie vir vetdruk, kursief of onderstreep.
D Al die bogenoemde

1.9 Hardeware-stasieraam en stel elektriese verbindingskoppelvlakke wat 'n skootrekenaar in staat stel om effektief as 'n lessenaarrekenaar te dien:

A Koppelstasie
B OKT (*UPS*)
C FireWire-konneksie
D Ethernet-konneksie

1.10 Rekenaarnetwerk beperk tot onmiddellike area, gewoonlik in dieselfde gebou of kantoorblok:

A Hoofraamrekenaar (*Mainframe computer*)
B Lokale-area netwerk (*Loc*al *area network*)
C Wye-area-netwerk (*Wide area network*)
D Internet

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die SVE (*CPU*) is basies dieselfde as 'n skyfaandrywer (*disk drive*).

2.2 Die spasie in die SVE word gemeet in siklusse per sekonde.

2.3 Die sleutelbord en muis stuur data slegs na die SVE.

2.4 'n Skermvergroter (*screen magnifier*) is sagteware wat skerminhoud vergroot.

2.5 Die SVE (*CPU*) beheer die vloei van data in en uit die geheue.

2.6 Die klokspoed van die SVE word gemeet in miljoene siklusse per sekonde.

2.7 Deelware (*Shareware*) is 'n program met kopiereg, maar die skrywer daarvan bied dit aan enigeen om te kopieer en te gebruik.

2.8 Nuwe topologie beskryf die metode wat gebruik word om die fisieke bedrading van die netwerk te doen.

2.9 Om *Ctrl + H* te druk, kleur (*highlight*) die hele dokument in.

2.10 LAG (*ROM*) staan vir leesaltydgeheue.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om te pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Magnetiese toestel gebruik as eksterne geheue vir magnetiese stoor van data	A	formaat
3.2	Proses om dele van lêers te herskryf na aangrensende sektors op hardeskyf om spoed van toegang en herwinning te verhoog	B	uitvissing (*phishing*)
3.3	Program wat gebruik kan word om syfers te manipuleer en analiseer	C	*dot matrix*
3.4	Opdrag om disket vir eerste gebruik voor te berei of om alle bestaande data op disket uit te wis	D	defragmentasie
3.5	Voorbeeld van impakdrukkers	E	ouerbeheer
3.6	Onwettige bewerking waardeur kriminele vals e-posse stuur om persoonlike bank- en ander besonderhede van ontvangers te bekom	F	digitale handtekening
3.7	Kode geheg aan e-pos om sender te identifiseer en ontvanger in staat in te stel om antwoord te enkodeer	G	hardeskyf
3.8	Metode om tekslêers met behulp van telefoonlyn tussen rekenaars te stuur	H	sigblad
3.9	Sluit in kenmerke ontwerp om minderjarige rekenaargebruikers te beskerm	I	virus
3.10	Stel instruksies wat sagteware infekteer en uitvoerbare programme binnedring	J	e-pos
		K	termiese drukker
		L	Ms dos

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Noem en beskryf 'n toestel wat aan elk van die volgende poorte gekoppel kan word:

4.1.1 *COM*

4.1.2 *LPT*

4.1.3 *USB*

(3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik hoekom rekenaardata gerugsteun moet word. (5)

4.3 Hoekom moet die regte prosedure gevolg word om 'n rekenaar af te sit? (2)

4.4 Verduidelik kortliks die funksie van 'n *UPS*. (2)
[15]

VRAAG 5

5.1 Beskryf DRIE gesondheidsprobleme wat deur verkeerde rekenaargebruik veroorsaak kan word. (6)

5.2 Beskryf VYF goeie werkspraktyke wanneer 'n rekenaar gebruik word. (10)

5.3 Wat is die verskil tussen *internet en intranet*? (4)

5.4 5.4.1 Noem VIER soorte wystoestelle (*pointing devices*). (4)

5.4.2 Watter voordeel het hierdie toestelle teenoor 'n sleutelbord? (1)
[25]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Beskryf DRIE hooffunksies van 'n bedryfstelsel. (6)

6.1.2 Noem VIER algemene bedryfstelsels. (4)

6.2 Verduidelik hoe telefoonlyne in rekenaarwetenskap gebruik word. (4)

6.3 6.3.1 Wat is die funksie van 'n grafiese gebruikerskoppelvlak (*GUI*)? (2)

6.3.2 Noem VIER voordele om 'n *GUI* te gebruik. (8)

6.4 Verduidelik *sagtewareroof* (*software piracy*). (2)

6.5 Wat is die doel van die formatering van 'n skyf (*disk*)? (4)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: WOORDVERWERKING

Hierdie afdeling word op die rekenaar gedoen deur Arial 12 pt te gebruik

Jou EKSAMENNOMMER asook die VRAAGNOMMER moet as kopskrif (*header*) op elke DRUKSTUK verskyn soos aangedui.

VRAAG 7

Hier onder is 'n kopie van die dokument ingesluit en gestoor as VRAAG 7 op jou rekenaar.

'n Definisie van bemarking is dat dit 'n menslike aktiwiteit is gerig op bevrediging van behoeftes en begeertes deur 'n uitruilproses. Npg 'n definisie is dat dit die prestasie van alle besigheidsaktiwiteite is wat betrokke is in die vloei van goedere en dienste vanaf die aanvanklike produksie totdat dit in die hande van die uiteindelike klant is.

Bemarkingsresep

Bemarkingsresep kan gedefinieer word as die stel beheerbare taktiese bemarkigsgereedskap (produk, prys, plek en promosie) wat 'n besigheid gebruik om op sy teikenmark te reageer. Die bemarkingsresep bestaan uit alles wat 'n onderneming kan doen om die vraag na sy produkte te beïnvloed. Alle moontlike faktore kan gegroepeer word in vier kategorieë bekend as die vier P's van bemarking: Produk, Prys, Plek en Promosie.

Bemarking van ander kommoditeite

Daar is ook ander kommoditeite wat boere in Suid-Afrika produseer wat in Suid-Afrika self verkoop of uitgevoer word.

Suiker

Suid-Afrika is die 13de grootste suikerprodusent in die wêreld. Sowat 50% van die produk word na Afrika, die Midde-Ooste, Noord-Amerika en Asië uitgevoer.

Wyn

Suid-Afrika is die10de grootste wynprodusent in die wêreld en voer meer as 240 miljoen liter per jaar uit. Die sektor verskaf werk aan net minder as 70 000 mense. Daar is sowat 110 000 hektaar wingerdaanplantings.

Vrugte

Twaalf persent van die totale inkomste uit landbou-uitvoer kom van sagtevrugte.

Kopiereg voorbehou

Groente

Groenteboere in Suid-Afrika produseer aartappels, tamaties, mielies en suikermielies. Sowat 50% van die groente word bemark by varsproduktemarkte wat in groot stede en dorpe geleë is, byvoorbeeld Johannesburg en Durban. Die res van die groente word regstreeks aan supermarkte, varsproduktewinkels en informele markte versprei.

Suid-Afrikaanse landbouproduseerders produseer ook katoen, tabak, tee en sier- en snyblomme.Baie boere in stedelike gebiede het met gras begin boer om in die vraag van die kitsgrasmark te voorsien – 'n mark wat geskep is deur die talle ontwikkelings in en om stedelike gebiede. Nog 'n opkomende nywerheid is akwakultuur, met mossels, forel, kurpers, katvis, oesters en waterblommetjies (Cape pondweed) as belangrike akwaspesies..

7.1 Maak die dokument oop gestoor as VRAAG 7 en voeg jou EKSAMENNOMMER links in en VRAAG 7 regs in as kopskrif. (1)

7.2 Pas Comic Sans MS fontgrootte 12 op die hele dokument toe. (2)

7.3 Voeg die volgende opskrif (*heading*) in Jokerman, fontgrootte 24, vetdruk en gesentreer in:

BEMARKING (3)

7.4 Verander al die subopskrifte na bokas en vetdruk. (2)

7.5 Keep links en regs 3 cm in, en voljusteer (fully justify) die paragraaf onder die subopskrif Bemarkingsresep. (2)

7.6 Voeg 'n bladsybreuk in voor die subopskrif Vrugte. (2)

7.7 Pas 'n uitleg van TWEE kolomme toe op die inhoud van die subopskrifte Suiker en Wyn. (2)

7.8 Pas 'n driedubbele raam, dubbelreëlspasiëring en vetdruk op die laaste paragraaf toe. (3)

7.9 Voeg 'n bladsynommer onder in die middel in. (2)

7.10 Stoor die dokument as VRAAG 7A en maak 'n DRUKSTUK. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8: SIGBLAD

8.1 Skep die dokument hier onder in 'n sigbladprogram. Gebruik die selverwysings presies soos aangedui. (5)

1	MAKHANANI-VRUGTEPLAAS								
2									
3	VERKOOPSVERSLAG: JANUARIE-MAART 2018								
4									
5	VRUGTE	JAN	FEB	MAART	EENHEDE VERKOOP	EENHEIDSPRYS	TOTAAL VOOR	BTW 15%	TOTALE INKOMSTE
6									
7	Nartjies	250	270	290		11,59			
8	Perskes	230	250	270		12,99			
9	Lemoene	10	10	10		15,99			
10	Mango's	200	180	160		10,99			
11	Papajas	350	450	550		4,59			
12	Appels	450	550	650		9,99			
13	Lietjies	120	100	80		8,99			
14	TOTAAL								

8.2 Voeg jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 8A regs in as kopskrif. (2)

8.3 Verstel die kolom om al die data in te pas soos aangedui. (2)

8.4 Voeg horisontale and vertikale lyne in met die metode waaraan jy gewoond is. (2)

8.5 Stoor die dokument as VRAAG 8A.

8.6 Druk die dokument in A4-landskap met ry- en kolomopskrifte sonder die roosterlyne (*grid lines*). (2)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8B

8.7 Herwin die dokument gestoor as VRAAG 8A en verander die vraagnommer na 8B. (2)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	MAKHANANI-VRUGTEPLAAS								
2									
3	VERKOOPSVERSLAG: JANUARIE-MAART 2018								
4									
5	VRUGTE	JAN	FEB	MAART	EENHEDE VERKOOP	EENHEIDSPRYS	TOTAAL VOOR	BTW 15%	TOTALE INKOMSTE
6									
7	Nartjies	250	270	290	A	11,59	B	C	D
8	Perskes	230	250	270		12,99			
9	Lemoene	10	10	10		15,99			
10	Mango's	200	180	160		10,99			
11	Papajas	350	450	550		4,59			
12	Appels	450	550	650		9,99			
13	Lietjies	120	100	80		8,99			
14	TOTAAL	E							

8.8 In A1, formateer die opskrif na Algerian 20 pt, en voeg sel A1–I1 saam en sentreer. (4)

8.9 Verander die subopskrifte na Brush Script MT font 16 en voeg sel A3–I3 saam. (4)

8.10 Pas vetdruk en kursief op ry 5 toe en roteer teks opwaarts. (4)

8.11 Verskaf die formules en/of funksies vir selle gemerk met letters van die alfaabet. Gebruik selverwysings en absolute adresse waar van toepassing.

A UNITS SOLD = Bereken die eenheid verkoop per kwart (2)
B TOTAL BEFORE VAT = Eenheid verkoop vermnigvuldig met eenheidsprys (2)
C VAT = 15% van totale inkomste voor BTW (2)
D TOTAL INCOME= Tel totaal voor BTW en BTW bymekaar (2)
E TOTAL = Som van elke kolom (2)

8.12 Vertoon alle geldwaarde-syfers met die R-teken en 2 desimale. (2)

8.13 Pas vetdruk op die laaste ry toe. (2)

8.14 Druk die dokument in A4-landskap sonder ry- en kolomopskrifte of roosterlyne. Stoor die dokument as VRAAG 8B. (2)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8C

8.15 Herwin die dokument gestoor as VRAAG 8B en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 8C. (1)

8.16 Vertoon die formules. (6)

8.17 Verskuil (*Hide*) kolom B tot D en pas kolomwydtes aan om op EEN A4-landskapbladsy te pas. (1)

8.18 Stoor die dokument as VRAAG 8C en druk dit op 'n A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte sonder roosterlyne. (2)

[53]

VRAAG 9: DATABASIS

9.1 Maak die databasisprogram oop en skep 'n databasis VRUGTEPLAAS en jou EKSAMENNOMMER.

Skep die volgende velde:

VELD	**INLIGTING**
NR	Outonommer
VRUGTE	20 karakters
EENHEID VERKOOP	Lang integer
TOTALE BEDRAG	Geldwaarde (Nie meer as R12 599.99)
BTW	Geldwaarde (Nie meer as R12 599.99)
DATUM VERKOOP	Formaat DD/MM/JJJJ
EKSAMENNOMMER	13 karakters
VRAAG 9	10 karakters

(8)

9.3 Sleutel die volgende rekords in en stoor die tabel as MAKHANANI. Maak 'n DRUKSTUK van die TABEL op 'n A4-landskapbladsy. (10)

NR	VRUGTE	EENHEID VERKOOP	TOTALE BEDRAG	BTW	DATUM VERKOOP	EKSAMEN-NOMMER	VRAAG 9
1	APPELS	1650	R16 483.30	R2 307.69	2018/07/10	EKSAMENNR	VRAAG 9
2	PIESANGS	750	R9 742.50	R1 363.95	2018/08/14	EKSAMENNR	VRAAG 9
3	PERSKES	300	R2 697.00	R377.58	2018/08/31	EKSAMENNR	VRAAG 9
4	NARTJIES	1350	R6 196.50	R867.51	2018/08/20	EKSAMENNR	VRAAG 9
5	LEMOENE	1650	R16 483.50	R2 307.69	2018/08/06	EKSAMENNR	VRAAG 9
6	DRUIWE	30	R479.70	R67.16	2018/08/22	EKSAMENNR	VRAAG 9
7	MANGO'S	540	R5 934.60	R830.84	2018/08/13	EKSAMENNR	VRAAG 9
8	PAPAJA	810	R9 387.19	R1 408.19	2018/08/16	EKSAMENNR	VRAAG 9

9.4 Maak 'n DRUKSTUK van die struktuur van die TABEL hier bo. Die DRUKSTUK moet in portretformaat wees.

9.5 Skep 'n verslag deur die volgende opskrifte te gebruik:

VRUGTE	TOTALE BEDRAG	DATUM VERKOOP

(3)

9.6 Sorteer die data in stygende volgorde volgens die datum verkoop. (3)

9.7 Die titel van die verslag moet wees jou EKSAMENNOMMERVRAAG9-VERSLAG (3)

9.8 Maak 'n DRUKSTUK van die verslag op 'n A4-portretbladsy.

[27]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou